VUURKLIP - Marié Heese

Met haar nuutste boek, Vuurklip, verplaas Heese ons vir 340 wonderlike bladsye na die wel en weë van Homo Sapiens, ongeveer 100 000 jaar gelede, aan die suidkus van Afrika. Dit is ’n aangrypende storie, vertel in aangrypende taal. Die vertellershoek is die ingeligte eerstepersoon - twee vertellers, Sjamaan, die wyse man en geestelike leier van die Seestamme, en Ama, die annerlike jongvrou, wat storievrou en moetievrou wil word.

Vuurklip is ’n verhaal van grootword en die verlies van onskuld, van oorlewing en die noodwendige kringloop van die lewe. Dit begin as die verhaal van Ama, ’n jong meisie. van die Walvisstam, maar dit word ook óns verhaal, vertel deur haar oë. Haar leergierigheid maak haar die beste kandidaat om deur Maouma, die Storievrou/Moetievrou van die Walvisstam, opgelei te word om eendag haar plek as volwaardige storievrou en moetievrou in te neem. Ama is die dogter van Atto, die hoofman van die Walvisstam, en sy is aan Amuk, hoofman van die Visarendstam as vrou belowe. Met die Steelkwaad, waartydens ’n bende onder leiding van Tinor, van die Visarendstam egter ’n walviskarkas - die heiligdier van die Walvisstam, kom onteer deur van die vleis te kom steel, neem Ama se lewe ’n ander wending: deel van die straf teen die Visarende is dat Ama nie meer Amuk se vrou sal word nie, maar dat sy nou die vrou sal word van die eerste man wat eiehandig en alleen ’n eland jag.Dit moes ’n eland wees - die grootste, sterkste en slimste van al die bokke.

Ama is verlief op Klipman, ’n sterk en ondernemende jong man van die Visarendstam, en hoop heimlik dat hy die man is wat die eland jag. Daar is egter drie manne wat meeding vir Ama; Klipman, Amuk en die sluwe Tinor, wat ook die voorbok was by die walvisvleisstelery. In ’n aangrypende vertelling hoor ons hoe Klipman die eland jag en die gewonde dier huis toe aanjaag tot by hoofman Atto.

Die liefdesverhaal tussen Ama en Klipman word onsentimenteel, dog deernisvol vertel. Ama weet sy is aan Amuk geblo, maar het net oë vir Klipman - en hy vir haar. Klipman nooi vir Ama na sy werkgrot, waar hy vir haar ’n hangertjie van skulpe gee wat hy self gemaak het. Ama neem vir Klipman die Eland wat hy gejag het se lewer, maar Klipman weier om dit te eet - ons leer vroeër in die verhaal dat die lewer die jagter toekom. Dit was vir my baie spesiaal en selfs eroties waar Heese beskryf hoe Ama die bloed aan Klipman se mond vee om hulle geheim dat hy nie die lewer geëet het nie, te bewaar.

> *<Ama,> sê hy, <hierie bok se lewer kan ek nie eet nie. Ek kan net nie, verstaan jy?>*
> *Ek dink. <Ahê,> sê ek. <Toemaar, Klipman, ek verstaan.>*
> *Ek veeg oor die lewer met my hand en ek rek op na sy gesig toe en ek smeer die bloed om en oor sy mond. <So,> sê ek. <Nou sal niemand weet jy het dit nie geëet nie.> Hy buk af en soen my. Die bloed is taai op ons lippe. <Dankie, Ama,> sê hy weer. p137-138*

Hulle gelukkige herdman en herdvrou wees is egter van korte duur, want ’n ramp gebeur. Ama raak weg. Heese hou ons in afwagting met die onheil en spanning wat opbou tot ons met skok agterkom die gruuwelike Tinor het Ama ontvoer, en haar in die elandgrot aangehou en verkrag. Haar geheueverlies gee vir Tinor vrye teuels om met haar te doen wat hy nog altyd wou.

Alleen en verskrik in die grot blaas Ama die flentertjies van ’n deuntjie op die fluitjie wat iemand… maar wie? vir haar gemaak het. En eensklaps onthou sy alles. Sy onthou vir Fluitman, Tinor, Klipman, en toe tref die werklikheid van haar situasie haar met ’n krag wat haar tot in haar wese ruk. Heese val nie in die strik om Ama se ontsnapping te melodramatiseer nie. Sy maak ook vir Tinor as’t ware onseremonieel van die gras af en laat hom van die toneel verdwyn.

Ama se depressie en post-traumatiese stres word kundig deur Maouma en Sjamaan geheel met die heelmaakdans en uitdryf van die kwaad met ’n mengsel van moeties, ritueel en terapie. Ek vind veral die tromspeelsessie baie treffend en emosioneel gelaai. Heese gebruik ’n vreeslike mooi beeld hier - van die seningdrade wat Ama se hart styf vasbind en dan stelselmatig losgewikkel

word om haar te bevry. Dit is so ’n intense ervaring dat Ama as’t ware die drade een vir een ruik brand in die vuur.

Deurgaans is daar die teenstelling van die geesteswêreld aan die een kant, en die praktiese lewe wat voortgaan aan die ander kant. Sjamaan is, met die hulp van Maouma en haar chemiese konkoksies, die geestelike leier van die stam. Hy alleen praat met die geeste en sonder sy (die geeste se) goedkeuring neem die hoofman feitlik geen belangrike besluite nie.

> *Daai grot waar Tinor haar toegemaak het, sy wande is toegeskiller vannie Elande, ek weet dit omlat ek dit myselwers gedoen het.G’n niemand mag daar ingaan nie, net ek. Maouma gee vir my die baie sterk droomkruie en ek maak daar vuur by die herd en ek asem. En dan suie ek die Elande se krag in my in, ahê, hulle maak my sterk.*
> *Vanoggend dan kom ek uit. En ek sit voor die gat bokant die herd waar die rook uitkom, plat op die grond. Allie tyd kan ek nog steeds die rook van die droomkruie ruik. Dan kom die hoofmanne van die Seestamme en hulle staan daar en ek sIe vir hulle wat ek sien. Ek sien of ons moet bly of trek, ek sien as een grot twee moet word, ek sien wie kan ’n hoofman word as een afdood sonder ’n groot ramkind by sy herd, ek sien allie dinge wat die mense moet weet. p217*

Sjamaan doen gereeld sy transdans, waartydens hy hallusineer en dan die boodskappe van die geeste af ontvang. Hierdie hallusinasies volg telkens ’n spesifieke patroon; kleure word helderder en ontplof in ’n kaleidoskoop wat alles in ’n tonnel/vortex opsuig, klanke word kleure, voorwerpe neem fantastiese vorms en afmetings aan - mense kry dierekoppe ens - en hy ervaar hoe sy gees sy liggaam verlaat en sweef.

> *“Is Sjamaan nog allie tyd ’n tweeling?”*
> *Ennie vrae het nie antwoord nie. Of ek kan antwoord, maar ek wil nie. Is ek ’n tweeling? Ahê, ek is. Een van my kan in die heelmaakdans ennie soebatdans deur die pyn bars en sweef en afkyk ennie grot sien en met die onsienlike praat, en dit het ek by die watermeide geleer. Vanlat ek by hulle was, kan ek vlieg. As jy geleer dryf het innie water, kan jy dryf innie lug, en ek doen dit. Die een ek vlieg ennie anner een strompel op die grond rond en ek sien my eie ek van ver af. Maar dit kan ek nie oorvertel nie. (p90)*

Heese moes sif deur ’n magdom argeologiese an antropologiese gegewe vir haar boek. Sy vleg baie slim die ontdekkings, maar ook die bespiegelings oor die ontwikkeling van Homo Sapiens deur die roman. Ek dink sy steun swaar op die geskiedenis en mistiek van die plaaslike SAN-mense en dit wat in neuro-antropologiese kringe bekend is oor bv. die Sjamaantransdanse. So trek sy heel geloofwaardig die verband tussen die moetie, (’n mengsel van kruie/plante wat ten doel het om ’n veranderde staat van bewussyn te bewerkstellig), wat Maouma vir Sjamaan voorberei, en sy uiteindelike transdanse en visioene. Die akademiese werke van Lewis-Williams[1] (Antropologie), Wentzel van Huyssteen[2] (multi-dissiplinêre filosofie) en Susan Blackmore[3] (Neuro-sielkunde) is hier van groot waarde om iets van die misterie van hierdie verbeeldingsvlugte te verstaan.

Heese gebruik meesterlik haar eie vertelkuns om die geskiedenis van vuur en die mens se ontwikkeling vanaf verbystering oor die verskynsel van vuur, na onderhouding van vuur, na die maak van vuur, vir ons bloot te lê.

> *Maar die vuur het nog ammelee net aan die Geeste toebehoort. Jy kon dit beskerm, jy kon dit gebruik, jy kon dit nie maak nie. (p112)*

---

1 Lewis-Williams, J.D. San Rock Art, 2011, Jacana

2 Van Huyssteen, J. Wentzel, Alone in the World, 2006, Wm. B. Eerdmans Publishing Co.

3 Blackmore, S. Consciousness - An Introduction (Second edition), 2010, Hodder

Leon Rousseau[4] maak in sy boek *Die Groot Avontuur,* die opmerking dat tussen die mens se bemeestering van die "aan die brand hou" van vuur, en die MAAK van vuur, ongeveer 1.3 miljoen jaar in die mens se ontwikkeling verloop het. 'n Uitstekende werk hieroor is natuurlik die 1981-film *Quest for Fire.* Heese verpak en kondenseer vir ons hierdie misterie in wonderlike taal en stories.

Sjamaan vertel die verhaal van hoe die mens vuur in die hande gekry het - hy het 'n kooltjie wat nooit doodgaan nie, by 'n volstruis gesteel, maar dit kom teen 'n prys.

> *<Die geheim van vuurmaak,> fluister die stemmetjie, < is lat jy moet vonk maak. Eers vonk, dan kooltjie, dan vlammetjie, dan vuur.> (p114) <… dis harde werk om te word soos die Geeste.> Maar die Geeste was kwaad… en sit die vuurklip in sy maag, en dit het vir ewig en ammelee in sy binneste gebrand. En so het die mense soos die Geeste geword, want nou kan die mens vuur maak soos die Geeste. (p115) Maar van toe af, as die Sjamaan wil heel, moet hy die heelmaakdans doen en dit sal hom pyn.*

Heese sinspeel hiermee op die Bybelverhaal van die mens se kennis van goed en kwaad, en die straf waarmee hy voorts moet saamleef weens sy nuutgevonde kennis. Met sy kennis van vuurmaak, eet die mens as't ware van die boom van kennis van goed en kwaad.

In Vuurklip word die ontwikkelende mens in sy vele fasette voorgestel:

1. **'n Groepsdier**, wat al veel geleer het oor die sosiale kontrak. Die orde in die grotgesin/familie, die waarde en noodsaak van samewerking (die saamstaanblo) en die hîerargie van leierskap - bv die indeling van die stamme onder 'n hoofman en dan die posisie van 'n hoofman-owerste, getuig daarvan.

   > *<Hierdie jongvrou luister,> sê ek, en ek kniel. My kop moenie bo Sjamaan se kop is as hy met my praat nie. (p98)*

2. **'n Kultuurbewuste wese:** daar is rituele vir grootword (die Eerste Ingaan en die besnydenis), vir huwelik (die blovrou gebruik), die status van Herdvrou en blyvrou onderskeidelik, rituele vir begrafnis (die offer van afgestorwenes aan die Seegees), en die onderskeie stories oor die ontstaan van die Al en die instandhouding van die stam. Dit is belangrik om ook te kyk na hoe Heese die rotstekeninge in die roman gebruik. Die reg om te verf en te teken het eksklusief aan die sjamaan behoort. Hy/sy het tipies geskilder oor die daaglikse lewe van die stam, maar het dan ook beelde uit sy verbeeldingsvlugte en hallusinasies geskets en geverf. Musiek speel 'n groot rol - Fluitman lei die stam met sy musiekinstrument, en elke stam het 'n unieke lied.

3. **'n Wese met 'n ontluikende sensitiwiteit vir die estetiese en vir simbole.** Klipman maak 'n vis uit 'n stuk dryfhout, Ama verstaan eers nie, maar snap dan die idee van kuns, om iets te maak vir die mooi daarvan. Die mens se ontwikkeling en spesifiek die aanvoeling vir die estetiese teenoor die doelmatige word treffend uitgebeeld. Daarna gee Klipman vir haar die halssnoer wat hy met skulpies en seningdraad gemaak het. Dit is egter nie net vir die mooi (esteties) nie maar is ook simbool van die Visarende se berou oor die steelkwaad.

   > *Op 'n pakplek teen die grotmuur sien ek iets wat ek nog nooit gesien het nie. Ek tel dit op en kyk van naby. Alkante.Dis 'n stuk hout, vannie witgewaste soort wat lank innie see was.Oeha, dit lyk soos 'n vis.*
   > *< Klipman? Wat maak mens met dit?> vra ek. <Niks,> sê hy. <Niks? Hoe bedeol jy, niks? Dit moet mos… vir iets goed is. 'n Werkding. Anners, hoekom is dit hier? Hoekom hou jy dit?> Hy sug. <Dit wou gemaak is,> sê hy. <Ek het die stuk hout opgetel op die strand, en toe sien ek dis amper 'n vis. Daar was… daar was 'n vis innie hout.> Ek kyk weer mooi na die*

---

[4] Die Groot Avontuur - wondere van die lewe op aarde, 2006, Human en Rousseau

ding. <Oooo. Die vis wou uitkom, toe help jy hom.>

< *Ahê. Dis reg. Ek het alles weggesny wat nie vis was nie.> <En jy hou dit vir die … vir die… > < Vir die mooi, dis al.> p65-67*

Heese sinspeel hier op die ontdekkings van die eerste simboliese/estetiese voorwerpe in die Blombosgrot naby Stilbaai. Hierdie voorwerpe dateer ongeveer 70 000 jaar gelede.Tot voor die Blombosgrotontdekkings was die oudste kunswerke wat ontdek is, die grottekeninge in die El Castillo-grotte in Spanje (39 000 jaar oud).

4. **'n Religieuse wese:** met die bewustheid van dinge wat die mens nie kan verklaar nie, en die berusting/sekuriteit om die onverklaarbare in die lewe en die natuur dan aan 'n geesteswêreld toe te dig.. Derhalwe dan die geloof in die voorvadergeeste. en in die verskeie geeste van die natuur. Die geloof dat die lewe van elke mens en die stam in die hande van die geeste is. Die geloof in die Groot Gees wat die Al geskep het deur alles wat bestaan uit 'n eier te broei, en wat die ander geeste gemaak het - Grondgees, Windgees, Seegees ens..

   Ek probeer om nie te dink dit wat ons hier bymekaarskraap, was eenmaal 'n mens nie. Dis net die asem, dink ek, net die asem vannnie Groot Gees, wat onse vlees aan onse gebeentes bind. Sonner dit bly daar net weggooigoed oor. p 236

   Oeha, nou verstaan ek hoe die Groot Gees die Al uit 'n eier uitgebroei het. Als het seker daar ge-is in sy heilige binneste, klaar gemaak, plante, diere, mense met elke pootjie, blaartjie, vingertjie, haartjie - net so reg om uit te broei.Ahê, dis hoe dit moet ge-is het, innie begin vannie Al. (p92)

5. **Iemand met 'n Gevoel vir die goeie teenoor die bose (Gruu)**, wat dan ook 'n sensitiwiteit vir moraliteit aandui. Verskriklike bygelowe hou die grotmense, onder leiding van Sjamaan, in vrees vir die noodlot an die argwaan en woede van die geeste. Ama self breek nooit hiervan los nie en is telkens 'n slagoffer van bygeloof - een van haar tweelingdogtertjies word doodgemaak en aan die seegees geoffer. Sy swig voor die verskriklike angs en vrees vir rampe wat die stam kan tref oor haar "sonde/taboe" naamlik om vir Iba te laat lewe het by geboorte. Dan maak sy gereed om Iba aan die seegees te offer en word net betyds deur Maouma gekeer, net om in skok to moet sien hoe Maouma dan aan die seegees die hoogste offer bring.

DIe oermens het 'n vrees vir verandering (die verskillende taboes).

   Ek loop stadig en ek dink aan taboes. Taboes word met verteltyd in ons harte ingepraat. 'n Anner een is oor die omdraai. (p123)

indien hulle egter nie aanpas nie, gaan hulle (uit)sterf. Klipman is die verpersoonliking van vernuwing; nuwe wapens, nuwe gebruike, nuwe idees, en 'n breek van verskeie taboes. Na sy verkenningstog na nuwe blyplek besef hy die stamme moet "omdraai" en kus-op en land-in trek. So-iets is ongehoord. Dit gaan teen die wense en voorskrifte van die geeste en die voorouers in. Dit verg waagmoed, en hy vra vir Ama of sy saam met hom sal "omdraai". Heese posisioneer die verhaal netjies in die tyd net voor die eksodus van die moderne mens uit Afrika na Europa en die Ooste. Homo Sapiens is gereed en toegerus vir hierdie ekspedisie, wat toe uiteindelik tussen 30 000 en 50 000 jaar sou aanhou, totdat hy die hele wêreld "gekolonialiseer" het:-

* taal is teen hierdie tyd sodanig ontwikkel dat Homo Sapiens die mees gevorderde taal op die hele planeet het. Dit bring enorme voordele vir sy organisasievermoë, tegnologiese vooruitgang en groei in kultuur, jagvaardighede ens;

* Homo Sapiens maak reeds baie beter en meer gesofistikeerde wapens en werktuie as enige ander groep - spesifiek die Neanderthals;

* verskeie ander “lukrake” faktore maak Homo Sapiens ook “intellektueel” gereed vir hierdie oorlewingstog, een daarvan is bv. die breinontwikkeling wat deur hulle vis- en seekosdiëet bevorder is.[5]
* die onteenseglike voordeel en blote feit van ’n komplekse en kompleksifiserende brein[6] het Homo Sapiens ’n enorme voorsprong gegee. Heese probeer iets van hierdie ontwaking van (of dan al bestaan van) ’n (self)bewustheid by Homo Sapiens weergee.

* Klipman se optrede suggereer dan die (kollektiewe) begin van hierdie trek Noordwaarts. Hy is waagmoedig en toon insig in die noodwendigheid van verandering te midde van ’n veranderende omgewing.

> *<Maar ek het omgedraai,> sê Klipman en hy vou sy arms. Gee nie om wat julle dink nie, sê sy lyf. Wat ek gedoen het , het ek gedoen.*
> *Oeha! Omgedraai! Die mense brom verskrik onner mekaar. Dit mag mos nie! Dit is taboe! Maar hier staan Klipman, hy’t niks oorgekom van dit nie. p292*
>
> *En hierie man van my, dink ek terwyl ek grot toe loop, is ’n annerlike man, want vuur en klip is nie owerste oor hom nie, nee. Dis annersom. Hy is die owerste oor vuur en klip, ahê. p318*

Die titel, Vuurklip is ryk aan betekenis. Die vuurklip is waarskynlik ’n stuk gestolde lawa, en waaraan verskeie magiese kragte toegedig word. Die klip het vir die oermense medisinale kwaliteite. Dink maar aan die episode toe die slang vir Ama gepik het en Maouma die vuurklip teen die bytplek gehou het. Toe Ama se broer, Moro, deur Tinor met die spies gesteek is het Maouma die vuurklip teen die wond gedruk om die bloeding te stop. Die vuurklip is ’n amulet teen die bose. Dit is ook ’n septer van soorte, ’n simbool van bemagtiging en amp - die een wat die stories vertel is as’t ware deur en met die vuurklip (die slangklip) aangewys as waardig genoeg om die stam se geskiedenis te bewaar.

> *Jy mag nie een woord verloor nie, jy mag nie een woord op ’n verkeerde plek sê nie, dis die stam se stories en jy moet hulle reg bewaar. (p123)*
>
> *En ek wil, ek wil storievrou word wat die stories vertel. (p124). Later, voor ek onder die karos inklim om te slaap, kom Maouma na my toe. Sy het iets in haar hand. <Ama,> sê sy, <vat hier.> Ek steek my hand uit. Sy sit iets in hom. Ek kyk af, en ek skrik toe ek die gladde swart slangklip op my hand sien lê. Die slangklip, wat ok die storieklip is. Wat Dwaalman gebring het van agter die Groot Berge. Wat uit die maag van die vuurberg gespoeg is. <Oeha!> sê ek. <Vir my?> <Ahê. Jy weet wat dit is. Bewaar dit goed. Onthou die stories.> p282*

Dan is (’n) vuurklip ook simbool van innerlike krag, as’t ware ’n vuur binne-in elke mens. Verder is dit ook simbool van energie, hitte en lewe, en dalk selfs intelligensie - Klipman maak vuur met ’n vuurklip teenoor die ou stokkievryfmetode. Klipman eksperimenteer ook met verskillende vuurklippe - hier, klippe wat met vuur behandel is - om beter gereedskap te word, skerper messe en dies meer.

---

[5] Sien bv. Thomas Renneboog se samevattende blogs oor die verskillende teorieë deur vooraanstaande neuro-wetenskaplikes en antropoloë (www.grenswetenschap.nl/out of africa

[6] Arthur, W. Creatures of Accident, 2006, Hill and Wang.

Samevatting

Heese weef die verhaal van die Stamme uit hulle eie stories:

* Die heilige stories wat hulle oor honderde jare saamdra, keurig verpak en bewaar, oor die ontstaan van die heel(Al), en die werking van die onsienlike;

* stories oor die voorvadergeeste en hulle dapper dade of wyse insigte wat die morele huis (the moral fibre) van die stamme en individue uitmaak; en

* stories oor die alledaagse - bv. die jagstories, wat die trots, vaardighede en huis en haard van die stamme bolwerk en bevestig.

Sy maak ons bewus van die helende en onderhoudende krag van stories en musiek; In haar donkerste uur vertel Ama vir haarself die dele van die stories wat sy onthou. Dit word die enkele flikker van haar identiteit waaraan sy vasklou vir al die mane wat sy in die grot gevange is.

> *Ek vergeet nie stories nie. Hulle het my deur die tyd met Tinor innie toemaakgrot gekry.Ek hou al die stories wat ek ken in ’n drasak wat ek nooit neersit nie. p282*

En daarmee maak Marie Heese haar eie storie OOR ONS, vir ons - een waarvan ons self elke dag steeds medeskrywer is. En ek dink dit is baie geslaagd. Dit is ’n kragtoer taal-eksperiment, ’n werklik aangename leeservaring.

Izak Minnie. Johannesburg. Aug 2014